# Psalm 12 : Die Here hou oor ons wag

Vir die koorleier: met basstem. 'n Psalm van Dawid.
Refrein = Teks TT Cloete 2001. Melodie: H Pieter van der Westhuizen 1976; ritmies aangepas 2001

**Refrein**




Voorg: Help tog, Here, want daar is geen vrome meer nie,
daar is geen betroubare mens meer oor nie.
Die mense bedrieg mekaar; hulle mislei mekaar met vleitaal.
**Refrein: Hou, Heer, oor ons die wag.**
Voorg: Die Here sal al die vleitaal uitroei, en die grootpratery van die mense wat sê:
Almal: "In ons tong lê ons krag. Ons lippe help ons. Ons buig vir niemand nie."
Voorg: Maar die Here sê: "Die swakkes word mishandel en die armes kla.
Daarom gryp Ek nou in en gee uitkoms aan dié wat daarna smag."
**Refrein: Hou, Heer, oor ons die wag.**
Almal: Daar is niks vals in wat die Here sê nie.
Sy woorde is soos silwer wat oor en oor in die oond gesuiwer is.
**Refrein: Hou, Heer, oor ons die wag.**
Voorg: U, Here, hou oor ons die wag. U sal ons vir altyd teen sulke mense beskerm,
selfs al pronk goddeloses nog rond en al heers die gemeenheid nog tussen die mense.
**Refrein: Hou, Heer, oor ons die wag.**